19 Aug
Uitgawe 2009/08/19

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

En ek gee in hierdie saak my oordeel, want dit is voordelig vir julle, omdat julle alreeds 'n jaar gelede begin het, nie alleen om te doen nie, maar ook om te wil. Maar voltooi nou die daad ook, sodat, net soos die bereidheid om te wil daar was, so ook die voltooiing kan wees uit wat julle besit.(**2 Kor.8:10-11**). Die HERE sal dit wat Sy volk betref voleindig! (**Ps.138:8**). Het jy dalk 'n droom of verwagting in jou hart gehad 'n tyd gelede en op daardie stadium was jy oortuig dat dit 'n prikkeling van God is? Maar wanneer jy nou na die omstandighede rondom jou kyk kom dit so anders voor? God se weë en gedagtes is hoër as ons s'n. Al wat ons kan doen is om die Woord van God te spreek. ***Vader, baie dankie vir die krag van U Woord in ons lewens. Sal U die werk voltooi wat U in ons begin het.***

Deurbraak : Ses buitelanders vrygelaat

Ontvoerders van Somalië het ses buitelandse gyselaars vrygelaat. Die vier Europese assistente en hul 2 Keniaanse vlieëniers is vrygelaat na agt maande van aanhouding. Die gyselaars is sedert November 2008 in aanhouding. Die vier Europeërs was in Somalië met die groep *Action Against Hunger.* Die twee Keniaanse vlieëniers is gehuur om die vier werkers te help ontsnap uit die area. *Action Against Hunger* is een van die paar hulpgroepe wat aangehou het om in die land te werk. Somalië is een van die wêreld se gevaarlikste plekke vir Westerlinge. (E-pos: andy@prayer-alert.ccsend.com, 14/08/09). ***Prys die Here vir die vrylating van die gyselaars. Bid ook vir diegene wat nog in aanhouding is, bid dat God ook vir hulle sal vrylaat. Bid dat die gyselaars die goedheid van God sal ervaar selfs in hul aanhouding.***

Bid vir jou gemeenskap : Gebed is die antwoord

Brendon en Erin het besluit om 'n gebedskamer op te rig en het aanvanklik gesukkel om die ure gevul te kry. Hulle was 'n bietjie afgehaal, maar het besluit om God te vertrou. Hulle het die hele nag en dag gebid vir verskeie onderwerpe, net soos God hul daaraan herinner het. Hulle het hul bes gedoen om 'n rekord te hou van al die gebede wat hul gesê het. Hulle wou aanhou om daarvoor te bid en hulle wou ook sien hoe God die gebede beantwoord. Die volgende dag het hulle in die kerkie gesit en was heeltemal stomgeslaan. ELKEEN van die gebede is teen middernag daardie aand beantwoord. In 'n tyd van 24 uur het God gewerk. Hulle het spesifieke gebede gespreek en wou die antwoord SIEN. En hulle het werklik GESIEN hoe God antwoord. God is getrou en Hy bemoedig ons altyd. (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/blog/1066, 10/08/09). ***Soek God se aangesig vir die behoeftes van jou gemeenskap. Vra God om jou 'n sterker passie te gee vir gebed en die mense rondom jou. O God, hoor my smeking, luister na my gebed! Van die einde van die aarde af roep ek U aan as my hart beswyk; lei my op 'n rots wat hoer as ek is.*** (**Ps.61:1-2**).

Suid-Afrika : Jongmense

Jongmense in die omgewing van Pretoria word blootgestel aan 'n pornografiese webruimte wat groei in gewildheid onder die jongmense in SA. Die webruimte het reeds duisende lede gelok van stede in die land, wat Kaapstad, Johannesburg, Port Elizabeth en Bloemfontein insluit. Alhoewel dit nie bekend is hoe lank die webruimte al bestaan nie was daar teen Augustus 2009 24 394 intekenare. Soos die meeste sosiale netwerke bv. *Facebook* en *Twitter,* laat die webruimte lede toe om foto's en videos op te laai en selfs kommentaar op dit te lewer. Hul word ook toegelaat om privaatgroepe te vorm waar hulle kan kommunikeer en inhoud deel. Ten spyte van die beleid wat kinders onder die ouderdom van 18 jaar verbied om die webruimte te besoek, kan 'n persoon maklik verkeerde inligting gee en die inhoud van die webruimte besigtig. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20090814034614990C413598&newslett=1&em=177813a1a20090814ah, 14/08/09). ***Bid vir die jongmense van die land. Bid vir die ware liefde van God in die hart van die Kerk om jongmense te bereik en hulle te laat voel dat hulle aanvaar word en dat hulle 'n gevoel van aanvaarding sal ervaar. Bid vir diegene wat verslaaf is; bid dat die Here hulle sal vryspreek en dat hulle sal weet dat God almal liefhet, selfs die sondaar. Bid vir die openbaring van Jesus en die Vader om elke leë en gebroke hart te vul.***

Internasionaal : R*madaan

Hierdie jaar sal R*madaan, die tydperk van vas vir die Moslems plaasvind tussen 22 Augustus en 20 September. Gedurende R*madaan sal ons bure en vriende vas, bid, geld aan die armes skenk en sal hulle meer aan hul god dink as enige ander tyd gedurende die jaar. Dit is 'n strategiese tyd om vir hulle te bid en uit te reik. Ons wil u uitnooi om saam met ons vir die Moslems te bid in hierdie maand. (Webruimte: http://www.30-days.net, 17/08/09). Jy kan ook die gebedspunte volg in die *Jerigo Mure Gebedsgids* op www.jwipn.com. ***Bid die volgende belofte van God: Ek het My laat raadpleeg deur wie na My nie gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan 'n nasie wat nie my Naam aangeroep het nie, het Ek gesê: Hier is Ek, Hier is Ek!***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com